# GEOGRAFIE EENHEID 2: FISIESE KENMERKE



# MEMORANDUM

---

## 1. KIES OF DIE VOLGENDE STELLINGS WAAR OF ONWAAR IS:

| | WAAR | ONWAAR |
|---|---|---|
| 1. ‘n Baai is ‘n stuk hoë land wat in die see inloop. | | X |
| 2. ‘n Heuwel is ‘n gebied tussen berge. | | X |
| 3. ‘n Bergreeks is ‘n groep of ketting berge. | X | |
| 4. Algoabaai is in die Oos-Kaap geleë. | X | |
| 5. uKhahlamba beteken “plek van berge” | | X |
| 6. Die Augrabieswaterval is 200 m hoog. | | X |
| 7. Robbeneiland is as tronk gebruik in die verlede. | X | |



## 2. Pas die begrip by die korrekte definisie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Baai | | E | A. 'n Lae gebied tussen heuwels of berge. |
| 2. Kaap | | H | B. 'n Hoë gebied wat nie so groot soos 'n berg is nie. |
| 3. Bergreeks | | G | C. Die hoogste bergreeks in Suid-Afrika |
| 4. Bergpiek | | F | D. Dit is 'n vleilandgebied met seekoeie en ander wilde diere. |
| 5. Heuwel | | B | E. 'n Inham of duik in die kuslyn. |
| 6. Vallei | | A | F. Die hoogste punt van 'n berg. |
| 7. St. Lucia Meer | | D | G. 'n Groep of ketting berge. |
| 8. Lebomboberge | | I | H. Die teenoorgestelde van 'n baai. |
| 9. uKhahlamba-Drakensberge | | C | I. Die berg vorm die grens tussen SA, Mosambiek en Swaziland. |



## 3. Voltooi die volgende blokkiesraaisel:

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 2.B | | | | | | | 3.H | | |
| | | | | | | 2.A | T | L | A | N | T | I | E | S | E |
| | | | | | | A | | | | | | | U | | |
| | 1.B | E | R | G | P | I | E | K | | | | | W | | |
| | E | | | | | | | | | | | | E | | |
| | R | | | | | | | | | 6.A | | | L | | |
| | G | | | | | | | | | U | | | | | |
| 3.D | R | A | K | E | N | 5.S | B | E | R | G | E | | | | |
| | E | | | | | T | | | | R | | | | | |
| | E | | 4.V | | | L | | | 5.T | A | F | E | L | | |
| | 4.K | A | A | P | | U | | | | B | | | | | |
| | S | | L | | | C | | | 6.F | I | S | I | E | S | E |
| | | | L | | | I | | | | E | | | | | |
| | | | E | | | A | | | | S | | | | | |
| | | | I | | | | | | | | | | | | |

**AF:**

1. 'n _____ is 'n groep of ketting berge. (Bergreeks)
2. 'n Inham of duik in die kuslyn word 'n _________ genoem (Baai)
3. 'n Hoë gebied wat nie so groot soos 'n berg is nie (Heuwel)
4. 'n ____________ is 'n lae gebied tussen heuwels of berge (Vallei)
5. 'n Bekende vleilandgebied wat wilde diere huisver (sonder die punt) (St Lucia)
6. Die waterval in SA wat 60 m hoog is. (Augrabies)

**DWARS:**

1. Die hoogste punt van 'n berg (Bergpiek)
2. Tafelberg kyk uit oor Kaapstad en die __________ Oseaan (Atlantiese)
3. Die hoogste bergreeks in SA (Drakensberge)
4. 'n Stuk hoë land wat in die see inloop word 'n _______ genoem (Kaap)
5. Ons noem hierdie plat, beroemde berg in Kaapstad ________ berg. (Tafel)
6. 'n ______________ Kaart wys al die natuurlike/fisiese kenmerke van 'n land (Fisiese)